



GEREFORMEERDE KERK BULTFONTEIN IN GESKIEDENIS VAN ONS STRYD OM 'N EIE KERKGEBOU

Die gemeente is op 23 Mei 1914 in Hoopstad gestig met 39 belydende lidmate.

Aanvanklik is die kerklike byeenkomste op die plaas Dampan, in die Hoopstad distrik, gehou. Aangesien die swaartepunt van die yl gesaaide lidmate na Bultfontein verskuif het, is in 1928 besluit om na Bultfontein te verskuif. Die eerste kerkraadsvergadering in Bultfontein is gehou op 27 Mei 1928. Hier het die stryd om 'n eie kerkgebou begin en 'n paar wye en snaakse draaie is geloop.

Op 12 Junie 1937 ontvang ons die eerste Predikant, Ds. NT Snyman, in kombinasie met Kroonstad/Lindley. Toe Ds. Snyman vertrek na Kuruman, tree ons in kombinasie met Theunissen gemeente.

Aanvanklik is die ou hofsaal - die klipgeboutjie langs die huidige Poskantoor, gebruik. Hoewel baie ondoeltreffend, het dit darem 'n

heenkome gebied.

Die plaaslike NG Gemeente, toe nog slegs een gemeente in Bultfontein, het ook hulle "bliksaaltjie" tot ons beskikking gestel en soms, vir spesiale geleenthede, ook hulle kerkgebou wat vir ons 'n groot luuksheid was.

Die stadsaal is ook gebruik met sy gebruiklike probleme. Saterdaggaande is die stadsaal vir bioskoop-vertonings en allerlei onthale gebruik en dit was die diakens se taak om dit Sondagoggende gereed te kry vir die erediens.

Stel u voor die Diakens, toe nog in manelle, stywe boordjies en wit strikdasse, wat Sondagoggend voor die kerk die stadsaal se vloere vee en sigaretstompies optel. Gelukkig is dit hulle darem gegun om die manelle uit te trek. Wat hulle met Saterdaggaand se bouse geeste wat nog moontlik in die stadsaal teenwoordig was aangevang het kon ons ongelukkig nie vasstel nie.

Die ou "kerkvaders" was gedurig op die uitkyk vir beter geriewe en toe 'n sekere Silber, van Duitse afkoms, insolvent raak, koop hulle sy winkel, die huidige Aandster Kafee, vir seshonderd pond. In die kerkkas was driehonderd pond en Volkskas het die res voorgeskiet.

Die rakke in die winkel is verwyder en saam met oortollige sinkplate vir driehonderd pond verkoop. Praat van sakevernuf. Hulle verhuur toe 'n deel van die gebou aan Volkskas vir ses jaar wat daarop neerkom dat die bank die kerkskuld aan homself terugbetaal.

Die winkel is as kerkgebou gebruik totdat die huidige gebou op 14 Augustus 1954 in gebruik geneem is, waarna die ou gebou aan Meneer John Colyn verkoop is wat dit weer as winkel/kafee gebruik het.

Die oprigting van die huidige gebou het ook maar sy probleme opgelewer. Die eerste argitek en die

boukommissie kon mekaar nie vind nie met die gevolg dat 'n ander argitek, Meneer Hartman van Kroonstad genader is. Hy kon gelukkig enduit volhou. Die kerkgebou het R 26000 gekos en die lidmatetal was 70 op daardie tyd.

Op 14 Augustus 1954 is die kerkgebou in gebruik geneem en toe begin die behoefte aan 'n orrel sterk na vore tree. Op 8 November 1958 begelei ons orrel die gemeentesang. Die orrelkommissie is te woord gestaan deur 'n Engelssprekende persoon. U kan u voorstel wat 'n worsteling dit afgegee het. Gedurende hierdie tyd het die susters 'n preekstoel aangekoop vir R 2.33 (£1-3-4).

Die behoefte aan 'n eie predikant het al dringender geword en nadat wyle Ds. HJS Venter op 15 Januarie 1967 bevestig is, het die behoefte aan 'n pastorie ontstaan. Gedurende 1967 trek ons predikantsgesin in 'n splinternuwe pastorie in. Hierna het ons beseft dat 'n saal en katkisasielokale sake kon vergemaklik en gevolglik is die aanbouing, wat tans as katkisasielokale gebruik word, in 1974 voltooi. Hierdie aanbouing het nie werklik aan die behoefte van 'n saal voldoen nie, met die gevolg dat die huidige saal, wat in 1991 voltooi is, gebou is.

Wat leer ons uit hierdie "gebouestryd"
Eerstens: God laat nie die werke van Sy hande vaar nie.
Tweedens: Waar 'n wil is is daar 'n weg.
Derdens: Harde werk werp altyd vrugte af.

In hierdie stryd was lidmate gewillig om bydraes te gee wat ver bo die verwagting was. Almal was gewillig om by te dra en hard te werk vir die saak.

Bronne:

Feesuitgawe: Bultfontein 1874-1974

Gereformeerde Kerk: Bultfontein 75 jaar 1914-1989

Oorlewering en vertellings van die "ouer mense"



Die ou hofsaal

